education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 11

## GESKIEDENIS V2

## JUNIE 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 'n 6-bladsy addendum.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG**

   VRAAG 1: NASIONALISME – AFRIKAANSE NASIONALISME

   **AFDELING B: OPSTELVRAAG**

   **VRAAG 2:** NASIONALISME – AFRIKANER-NASIONALISME

2. AFDELING A bestaan uit EEN (1) brongebaseerde vraag. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vraag te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit EEN (1) opstelvraag.

4. Daar word van jou verwag om AL die vrae te beantwoord.

5. Jy word aangeraai om tenminste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae , moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote te oorskryf van bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestelgebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG

Bronmateriaal wat benodig word moet word om hierdie vraag te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word..

### VRAAG 1: HOE HET AFRIKAANSE NASIONALISME IN SUID-AFRIKA VERANDER IN DIE PERIODE 1912 - 1948?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Wat, volgens die bron was die hooffokus van nasionalisme? (1 x 1) (1)

1.1.2 Definieer die begrip *Pan-Afrikanisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Hoe, volgens die bron, het Afrika-nasionalisme die identiteit van Afrikane getransformeer? (1 x 1) (1)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink die Eerste Wêreldoorlog het die opkoms van nasionalisme aangespoor (aangemoedig). (1 x 2) (2)

1.1.5 In watter opsig het Afrika-nasionalisme van Afrikanernasionalisme verskil. (1 x 2) (2)

1.1.6 Noem die politieke organisasie wat daarop gemik was om alle inheemse mense van Suid-Afrika te verenig. (1 x 1) (1)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die DRIE redes vir die stigting van die South African Native National Congress (SANNC)? ( 3x 1) (3)

1.2.2 Wat, volgens die bron, wat was die oorsaak van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik hoekom jy dink dat Afrikane het die stigting van die Unie van Suid-Afrika teengestaan het? (2 x 2) (4)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor hoe Afrika-nasionaliste hulle teenkanting teen die vorming van die Unie van Suid-Afrika uitgespreek het. (1 x 2) (2)

1.2.5 Identifiseer TWEE leiers van die SANNC in die bron. (2 x 1) (2)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoekom dink jy is hierdie plakkaat in 1921 geadverteer? (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie plakkaat vir 'n historikus wat Afrika-nasionalisme bestudeer. (2 x 2) (4)

1.4 Lees bron 1D.

1.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die ANC in die 1940's verander het. (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik die konsep *rassisme* in die konteks van Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

1.4.3 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink Afrika-organisasies in die 1940's met mekaar saamgewerk het. (2 x 2) (4)

1.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom nasionaliste hul taktiek in die laat 1940's verander het. (1 x 2) (2)

1.5 Vergelyk Bronne 1B en 1D. Lewer kommentaar oor hoe Bron 1B van Bron 1D verskil ten opsigte van die leierskap van die ANC? (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Afrika- nasionalisme in Suid-Afrika in die tydperk 1912 tot 1948 verander het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAAG

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 2: NASIONALISME – AFRIKANER NASIONALISME**

Revisionistiese historikusse is van mening dat Afrikaner nasionalisme doelbewus gedurende die twintigste eeu gekonstrueer is om in die behoeftes van 'n klein elite-groep Afrikaners te voorsien.

Stem jy met die stelling saam? Motiveer jou argument deur te verwys na die opkoms van Afrikanernasionalisme in Suid-Afrika van 1924 tot 1948. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou